# WÊRELDGEBEURE.

## BUITELAND.

In die groot wêreld het daar sedert die vorige verskyning van **Koers** nie juis sensasionele dinge plaasgevind nie. Dit skyn of Rusland die koue oorlog momenteel in 'n ander rigting stuur, deur naamlik die indruk te gee asof—wat hulle betref—'n derde wêreldoorlog nie 'n onmiddellike gevaar is nie. As die Westerse volke maar net wou begryp watter gevaar die imperialisme van Amerika is! 'n Artikel wat Stalin in die blad **Bolsjevik** gepubliseer het, stel die huidige beleid van die Sowjet ondubbelsinnig: daar moet 'n wig tussen Amerika en die ander Westerse volke gedryf word. Stalin verklaar dat die Westerse volke vroeër of later die Amerikaanse dwangjuk sal afskud. Dit word nota bene gesê deur die man wat twee-derdes van die wêreld verslaaf!

Verskillende faktore speel Stalin tans in die hand. Dit is bekend dat die Wes-Europese nasies self bevrees is vir die invloed van die „Amerikanisme" en die Amerikaanse hulp slegs aanvaar omdat dit nie anders kan nie. Die Republikeinse Party maak terselfdertyd 'n handige gebruik van die feit dat die oorgrote meerderheid van die Amerikaners hartlik sat is van die langgerekte en skynbaar sinlose oorlog in Korea. Die Republikeine gee die skuld van die hele affêre aan die Demokrate teneinde steun vir hul kandidaat, Eisenhower, te verkry. John Foster Dulles gaan selfs so ver om te bepleit dat die V.V.O.-magte Korea heeltemal moet ontruim en dat slegs 'n Suid-Koreaanse leër op die been gehou moet word. Dit is duidelik dat Stalin hierby baat.

Terselfdertyd het Amerika blykbaar toegegee aan die wens van Engeland dat 'n blokkade teen China nie in werking gestel moet word nie. Dit moet noodwendig die oorlog in Korea verleng en 'n wêreldoorlog verder na die toekoms verskuif. Heelwat bloed, en veral Amerikaanse, sal nog in Korea vloei. Dit het nou aan die lig gekom dat Amerika samesprekinge met Rusland gevoer het ten einde vyandelikhede tot 'n einde te bring maar sonder gevolg. Die stryd in Korea is in die Kremlin se guns.

Binnekort sal ons weet wat die betekenis van die verkiesing van Eisenhower vir die wêreldpolitiek sal wees. Die president sal spoedig 'n verkiesingsbelofte moet inruil dat hy persoonlik na Korea sal gaan en 'n poging sal aanwend om vrede te bewerkstellig. Intussen swyg hy nog wat die buitelandse beleid van Amerika betref. In elk geval is dit bekend dat die militêr, Eisenhower, nie 'n man is wat oorlog begeer nie.

Sy intieme kennis van Europese toestande en sy besliste houding teenoor die Kommunisme is faktore wat 'n rol in die toekoms gaan speel.

Nog 'n faktor wat Stalin ongetwyfeld laat glimlag het, is die rusie tussen Amerika en Frankryk ten opsigte van die Tunisiese vraagstuk. Aan die ander kant is dit vir Suid-Afrika welkome nuus dat ook van die groot moondhede protesteer teen die gedurige inmenging van die V.V.O. in huishoudelike aangeleenthede van ander volke.

Volgens 'n radioberig lyk dit of die V.V.O. so langsamerhand na 'n dooiepunt beweeg. Tereg kon dr. Malan 'n tyd gelede verklaar dat ons waarskynlik oor die ergste heen is. In elk geval blyk die V.V.O. magteloos te staan teenoor die Korea-vraagstuk.

So bly die groot wêreld maar 'n chaos.

**AFRIKA—EN VERAL SUID-AFRIKA.**

Dit is asof twee groot soekligte op die suidelike deel van Afrika gerig is: een vanaf die V.V.O.-gebou in New York en een vanaf die Ooste. Per slot van rekening het albei maar hul oorsprong in die Ooste, want op die V.V.O. is dit veral die Arabies-Asiatiese lande (gesteun deur Latynse Amerika) wat die mond vol het oor die „verdrukking" in Afrika. Ja, dit geld nou nie meer net Suid-Afrika nie, maar die hele Afrika. Ons kry bondgenote in ons verdrukking, hoewel dit weer die skildery soveel donkerder maak.

Wat in Kenia gebeur—waar tog 'n liberale Britse beleid heers—toon ons wat werklik in Afrika aan die gang is. Daar is blykbaar 'n breed opgesette en goed gefinansieerde beweging om onrus op ons vasteland te verbrei. Wáár die bron wegskuil, kan nog nie met sekerheid vasgestel word nie. Sommige soek blanke brein—en geld—agter dit alles. Ander beweer dat Indiërs—veral in Kenia—die aanhitsers is. 'n Derde groep soek die oorsprong in die Russiese Konsulate. Ons kan hieroor nog geen oordeel uitspreek nie, maar soveel is in elk geval seker dat die gebeurtenisse die Kommunisme bevorder.

Dit kristalliseer nou baie helder uit dat dit nie gaan teen die apartheidsbeleid nie maar dat dit opset is om die blankes in Afrika uit te roei. Die blanke gun aan die swarte sy plekkie onder die son, maar die omgekeerde skyn nie die geval te wees nie. Dit is grusaam om te lees dat aspirant-lede van die Mau-Mau in Kenia 'n eed moet aflê dat hulle elkeen minstens een hoof van 'n blanke moet lewer.

Ons moet ooreenkoms soek tussen die gebeure in Kenia en die in Port Elizabeth, Oos-Londen en Kimberley. Merkwaardig is dat Port

Elizabeth seker die mees liberale beleid van alle stede in die Unie het. Hier is geen permitte nodig om in die stadsgebied te kom nie en geen aandklokreël nie, terwyl die munisipaliteit 'n ideale behuisingskema in New Brighton aangepak het. Dit is vriende van die naturelle wat hier vermoor is!

Alle tekens dui daarop dat ons voor 'n tweede Bloedrivier staan, miskien gouer as wat ons besef. Die barbaredom word al meer georganiseer en is blykbaar gedetermineerd.

Die sogenaamde **United Africa Front** het die bedoeling om die naturelle oor die hele Afrika saam te snoer.

Sal die dag tog nie kom dat die oë van die Engelse bewoners van Afrika oopgaan nie? Sal Kenia en Port Elizabeth hulle miskien wysheid leer? As ons as Afrikaners—en die Engelse wie se oë oopgegaan het—dan alleen moet staan, mag ons maar die geloof besit wat die helde van Bloedrivier besiel het!

Intussen moet ons ons kruit droog hou. Dit sal na ons oortuiging beteken dat ons troffel en swaard beide moet hanteer. Ons sal moet voortgaan met ons beleid om aan die naturel 'n bestaansmoontlikheid op sy eie gebied te skep, ook terwille van ons eie nageslag. As ons dan moet ondergaan, hoef ons ten minste hieroor geen gewetenswroeging te hê nie. Ons sal moet voortgaan om aan die naturel die evangelie van Christus te verkondig. Ons kan nie anders nie.. Maar terselfdertyd: die swaard sal gereed moet wees. Ons moet in 'n weerbare toestand bly.

Intussen het die ander groot bedreiging van Suidelike Afrika, die droogte, onrusbarende afmetinge aangeneem, en miljoene ponde skade is aangerig. Groot dele het die aanskyn van woestyne begin vertoon. 'n Mens het weer onder die besef gekom dat as Hy wat winde en wolke gebied, die reëndruppels moes terughou, dit die einde van blank sowel as swart kan beteken. Terwyl ons skryf, het milde reëns reeds oor groot dele uitgesak. Uit baie harte sal 'n stem van dankbaarheid opgaan. Sal daar ook waaragtige verootmoediging wees—en terugkeer?

Dit skyn of die algemene eleksie teen die einde van April sal plaasvind. Van nou af sal dit 'n kragsmeting sonder weerga word. Mag almal wat ons vaderland liefhet en 'n tuiste vir hulle nageslag hier begeer, weet wat hul te doen staan!

S.d.T.